# Afdeling Sake-Onderbreking …
# ...So moeilik om te verstaan!

Bestudeer aangehegte inligting en bereken dan die verlies ten opsigte van Springbok Slaghuis kragtens sy Sake-onderbrekingversekering.

Beskou die versekerde bedrag as voldoende. Geen verhoging in bedryfskoste moet toegepas word nie.

Bereken Springbok Slaghuis se verlies deur gebruik te maak van die volgende voorbeeld (dit is net die verlies en sluit nie vaste koste in nie):

Springbok Slaghuis se skade / verlies vind plaas op 1 Januarie 1999. Die skadeloosstellingstydperk is 9 maande.

| **MAAND** | **OMSET VOOR BRAND** (d.w.s. Jan. 1998 – Des. 1998) | **OMSET NA BRAND** (d.w.s. vanaf Jan. 1999) |
|---|---|---|
| Januarie | R 400 000 | R 0 |
| Februarie | R 420 000 | R 0 |
| Maart | R 480 000 | R 80 000 |
| April | R 600 000 | R 100 000 |
| Mei | R 650 000 | R 120 000 |
| Junie | R 550 000 | R 150 000 |
| Julie | R 460 000 | R 200 000 |
| Augustus | R 470 000 | R 260 000 |
| September | R 550 000 | R 360 000 |
| Oktober | R 470 000 | R 450 000 |
| November | R 450 000 | R 510 000 |
| Desember | R 500 000 | R 490 000 |

Bykomende inligting:

Ignoreer enige verhoogde bedryfskoste.

Springbok Slaghuis se bruto wins vir die laaste boekjaar was R 750 000 en die omset gedurende dieselfde jaar R 6 000 000

Antwoord: Die verlies van Springbok Slaghuis is: R ___________________

# Terugvoering

## Sake-Onderbreking so moeilik om te verstaan

Moeilik, nie waar nie. Kom ons verduidelik gou.

Ons wil eerstens die verlies bereken wat te wyte is aan die vermindering in omset.

Die verlies het plaasgevind op 01.01.1999.

Die skadeloosstellingstydperk is 9 maande.

D.w.s. vanaf die datum van verlies 01.01.1999 vir 9 maande daarna. In Springbok Slaghuis se geval tot einde September 1999.

Verlies aan omset:

| MAAND | OMSET VORIGE JAAR | OMSET NA BRAND |
|---|---|---|
| Jan. 1999 | R 400 000 | R 0 |
| Feb. 1999 | R 420 000 | R 0 |
| Mrt. 1999 | R 480 000 | R 80 000 |
| Apr. 1999 | R 600 000 | R 100 000 |
| Mei 1999 | R 650 000 | R 120 000 |
| Jun. 1999 | R 550 000 | R 150 000 |
| Jul. 1999 | R 460 000 | R 200 000 |
| Aug. 1999 | R 470 000 | R 260 000 |
| Sept. 1999 | R 550 000 | R 360 000 |
| **TOTAAL** | **R 4 580 000** | **R 1 270 000** |

| | |
|---|---|
| Vorige jaar | R 4 580 000 |
| Min: Verliestydperk | R 1 270 000 |
| Verlies aan omset | R 3 310 000 |

a) Wat is Springbok Slaghuis se Bruto Wins-persentasie?

Vorige finansiële jaar $\frac{\text{R } 750\ 000 \text{ Bruto Wins}}{\text{R } 6\ 000\ 000 \text{ Omset}} \times \frac{100}{1} = 12{,}5\ \%$

b) Die verlies van Springbok Slaghuis is dus:

Verlies aan omset soos in (c) R 3 310 000 x 12,5 % Bruto Wins-persentasie = R 413 750

# Vertel ons meer van verhoogde bedryfskoste

Die rekenmeester van Springbok Slaghuis is nog onseker oor wat eintlik bedoel word met die versekering van **verhoogde bedryfskoste** onder item 1 Bruto Wins (Verskilgrondslag) van die polis en vra of ons bemarker die toepassing daarvan deur middel van 'n voorbeeld kan verduidelik. Jy is die bemarker en besluit om Springbok Slaghuis as voorbeeld te gebruik.

Die besonderhede van Springbok Slaghuis lees soos volg:

Springbok Slaghuis se skade / verlies vind plaas op 1 Januarie 1999. Die skadeloosstellingstydperk is 9 maande.

| **MAAND** | **OMSET VOOR BRAND** (d.w.s. Jan. 1998 – Des. 1998) | **OMSET NA BRAND** (d.w.s. vanaf Jan. 1999) |
|---|---|---|
| Januarie | R 400 000 | R 0 |
| Februarie | R 420 000 | R 0 |
| Maart | R 480 000 | R 80 000 |
| April | R 600 000 | R 100 000 |
| Mei | R 650 000 | R 120 000 |
| Junie | R 550 000 | R 150 000 |
| Julie | R 460 000 | R 200 000 |
| Augustus | R 470 000 | R 260 000 |
| September | R 550 000 | R 360 000 |
| Oktober | R 520 000 | R 450 000 |
| November | R 500 000 | R 510 000 |
| Desember | R 500 000 | R 490 000 |

Bykomende inligting:

- Springbok Slaghuis se bruto wins vir die laaste boekjaar was R 750 000 en die omset gedurende dieselfde jaar R 6 000 000.
- Ten opsigte van die verhoogde bedryfskoste bestee Spingbok Slaghuis R140 000 gedurende die skadeloosstellingstydperk. Dit het veroorsaak dat die verlies in omset gedurende die skadeloosstellingstydperk R 1 000 000 minder was.
- Ons assessor is in die wolke hieroor en sluit die R 140 000 se verhoogde bedryfskoste by sy eiseskikking in:

Hy het tog immers R1 000 000 bespaar op die eis!

Is die voorbeeld wat die bemarker gebruik het, korrek of nie? _______________.

**Motiveer jou antwoord:**

## Terugvoering

## Vertel ons meer van verhoogde bedryfskoste

Die antwoord is eintlik kort en kragtig. Die assessor het hom blind gestaar teen die omset wat verhoog is deur die verhoogde bedryfskoste aangegaan: 'n Volle R1 000 000 wat hy Santam gespaar het.

Wat hy egter uit die oog verloor het, is dat omset nie wins is nie. Hierdie omset van R1 000 000 herlei na wins beteken eintlik:

R1 000 000 x Bruto Wins van 12,5 %, in hierdie geval - = R 125 000

Hy het dus Santam volgens sy berekening ingeloop:

| | | |
|---|---|---|
| Koste aangegaan (verhoogde bedryfskoste) | = | R 140 000 |
| Besparing vir Santam | | <u>R 125 000</u> |
| | | R 15 000 verskil |

R15 000 meer betaal as die oorspronklike verlies wat die versekerde sou gely het.

Die doel van verhoogde bedryfskoste is bykomende koste wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word om die vermindering in omset teen te werk.
L.W.. Hierdie koste is beperk tot <u>hoogstens</u> die Bruto Wins-persentasie van die besigheid vir die jaar toe te pas op die bedrag van vermindering wat daardeur verkry word.

Die assessor het nie die beperking in ag geneem nie.

# Zebra:- … Wys hom om bruto wins te bepaal

Bestudeer die handelsrekening en wins-en-verliesrekening van Zebra Ondernemings en bepaal dan die versekerde bedrag volgens:

## ZEBRA ONDERNEMINGS

| WINS-EN-VERLIESREKENING | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **DT** | | | **KT** | | |
| Huur | R | 250 | BRUTO WINS | R | 9 500 |
| Lone<br>(Geskoolde werkers) | R | 500 | Huur ontvang | R | 250 |
| Salarisse | R | 1 500 | Rente op beleggings | R | 500 |
| Staatsversekering | R | 20 | Wins op beleggings gerealiseer | R | 1 000 |
| Kommissie | R | 200 | | | |
| Direkteursgelde | R | 350 | | | |
| Grondbelasting | R | 50 | | | |
| Advertensies | R | 100 | | | |
| Rente<br>(Oortrokke Bank) | R | 55 | | | |
| Regskoste | R | 300 | | | |
| Ouditeursgelde | R | 50 | | | |
| Pensioenfondsbydraes | R | 50 | | | |
| Waardevermindering | R | 250 | | | |
| Slegte skuld | R | 25 | | | |
| Reserwe vir slegte skuld | R | 100 | | | |
| NETTO WINS | R | 7 450 | | | |
| **TOTAAL** | **R** | **11 250** | **TOTAAL** | **R** | **11 250** |

## ZEBRA ONDERNEMINGS

| HANDELSREKENING | | | |
|---|---|---|---|
| Beginvoorraad | R 3 000 | Omset | R 20 000 |
| Aankope | R 9 000 | Eindvoorraad | R 2 000 |
| Afslae | R 500 | | |
| Bruto Wins | R 9 500 | | |
| **TOTAAL** | **R 22 000** | **TOTAAL** | **R 22 000** |

### VRAAG 1

(a) Bereken Bruto Wins op die verskilgrondslag (verwys na formule in leerinhoud van kursus.)

(b) Wat sal jou versekerde bedrag wees indien die skadeloosstellingstydperke die volgende is:

6 Maande R_______________

9 Maande R_______________

12 Maande R_______________

18 Maande R_______________

### VRAAG 2

(a) Bereken Bruto Wins op die byvoegingsgrondslag (verwys na formule in leerinhoud van kursus).

(b) Wat sal jou versekerde bedrag wees indien die skadeloosstellingsperke die volgende is:

3 Maande R_______________ 24 Maande R_______________

# Terugvoering

## Zebra:  Wys hom om bruto wins te bepaal

As jy hierdie gevallestudie verstaan is, jou kop so te sê deur.  Jy behoort te weet waaroor Sake-onderbreking eintlik handel.

**Vraag 1 (a)**

Bereken Bruto Wins op die verskil grondslag d.w.s:-

(Totale omset + Eindvoorraad) – (Beginvoorraad + Onversekerde koste)

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag**: | Wat is die totale omset? | |
| | Ons sien dit in die handelsrekening. | R20 000 |
| Wat is eindvoorraad? | | |
| | Ons sien dit in die handelsrekening. | R  2 000 |
| | **Totale omset + Eindvoorraad =** | **R22 000** |
| **Vraag**: | Wat is Beginvoorraad? | |
| | Ons sien dit ook in die handelsrekening | R  3 000 |

Wat is alles onversekerde koste?

Dit is daardie koste wat staak of verminder, indien die omset staak of verminder.

***Kom ons soek dit***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Wins-en-verliesrekening | | |
| | (a) | Kommissie | R     200 |
| | (b) | Slegte skuld | R       25 |
| 2. | Handelsrekening | | |
| | (a) | Aankope | R  9 000 |
| | (b) | Afslae | R     500 |

| | |
|---|---|
| Beginvoorraad en onversekerde koste is | **R12 725** |
| Bruto wins is dus R 22 000 min R 12 725 = | **R 9 275** |

Dit is 'n baie eenvoudige voorbeeld.  Besighede verskil van mekaar en sal vir ons moet sê wat hulle onversekerde koste is.

**Vraag 1 (b)**

Wat sal jou versekerde bedrag in die geval van Zebra Ondernemings wees:

## Skadeloosstellingstydperk

| | |
|---|---|
| 6 Maande | R 9 275 (volle jaar bruto wins) |
| 9 Maande | R 9 275 (volle jaar bruto wins) |
| 12 Maande | R 9 275 (volle jaar bruto wins) |
| 18 Maande | R 13 913 (1 ½ jaar bruto wins) |

**Vraag 2 (a)**

Bereken Bruto Wins op die byvoegingsgrondslag d.w.s.:-

(Netto Wins + Alle vaste koste of staande uitgawes)

**Vraag**: **Wat is netto wins?**

Dit is die netto bedryfswins uitgesluit:

- alle kapitale ontvangste
- alle kapitale aanwas
- en alle uitgawes wat regmatig/aan kapitaal toe geskryf kan word.

**Netto Wins (Verwys Wins-en-Verliesrekening):-** **R 7 450**

Min kapitale ontvangste ens, nl:

| | | |
|---|---|---|
| Huur ontvang | R 250 | |
| Rente op beleggings | R 500 | |
| Wins op belegging gerealiseer | R 1 000 | R 1 750 |
| **NETTO WINS** | | **R 5 700** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vaste koste:** | Huur | R 250 | |
| | Lone | R 500 | |
| | Salarisse | R 1 500 | |
| | Staatsversekering | R 20 | |
| | Direkteursgelde | R 350 | |
| | Grondbelasting | R 50 | |
| | Advertensies | R 100 | |
| | Rente op oortrokke rekening | R 55 | |
| | Regskoste | R 300 | |
| | Ouditeursgelde | R 50 | |
| | Pensioenfonds | R 50 | |
| | Waardevermindering | R 250 | |
| | Reserwe op slegte skuld | R 100 | **R 3 575** |

Netto wins R 5 700 + Vaste koste R 3 575 = **R 9 275**

**Vraag 2 (b)**

Wat sal jou versekerde bedrae wees in die geval van Zebra Ondernemings:

**Skadeloosstellingstydperk:**

| | |
|---|---|
| 3 Maande | R 9 275 |
| 24 Maande | R 18 550 |